

# Jakkals en die son


Traditional San story

Manyeka Arts Trust

Johanne

3


Afrikaans af




Lank gelede, was daar ‘n dwase, lui jakkals. Hy het saam met sy ou vader in die Kalahari bos gewoon.




Een oggend word Ou Jakkals wakker en vind sy seun aan die slaap in die son. Die kos was nog nie gereed nie en die bokke was nog steeds in die kraal! “Jong man, jy is so lui! Gaan en vind ‘n vrou. Ek is te oud om na jou te kyk,” sê Jakkals se vader. Jakkals spring toe op en neem die bokke om te gaan wei.



In die bos, sien hy iets wat blink op ‘n rots. Hy het nader en nader aan die rots beweeg. Hoe nader hy beweeg, hoe mooier was die glans. Miskien was dit die vrou vir hom?!



“Jy is pragtig,” sê Jakkals vir die glans. “Maar wie is jy? Hoekom is jy alleen?” “Ek is die son,” antwoord die glans. “My familie het my hier gelos toe hulle verhuis. Hulle wou my nie gedra het nie. Ek is te warm.”




Die jakkals sê: “Maar jy is so mooi! Ek sal jou dra. Ek sal jou huis toe vat om my vader te ontmoet. “

“Doodreg, jy kan my dra. Maar moet nie kla wanneer ek te warm word vir jou nie,” sê die son.




Jakkals dra die son op sy rug en begin sy reis huis toe. Kort voor lank, het die son Jakkals se pels gebrand. “Sal jy asseblief van my rug afklim? Ek moet rus,” sê Jakkals. Sy rug was so seer dat hy skaars kon loop. “Gaan net voort!” sê die son. “Ek het jou gesê om nie te kla nie!”



Toe sien Jakkals ‘n stomp oor die pad. Hy kruip onderdeur die stomp sodat die son kan afval.



Maar die stomp het ook sy vel en pels van sy rug geskraap en hulle is agtergelaat saam met die son.



Die nuwe pels was ‘n ander kleur as die pels op die res van sy lyf. Die ander kleur herinner Jakkals om nie weer so dwaas te wees nie.

# Global Storybooks

globalstorybooks.net

## Jakkals en die son

Traditional San story
Manyeka Arts Trust
Johanne